


Die Hinterlander



**Waardevolle WINSKOPE
vir die seisoen wat voorlê.**

#HerontdekDitWatSaakmaak

16 FEBRUARIE - 10 MAART 2024

PRODUKREEKS

- DIEREGESONDHEID 03
- TROETELDIERSORG 08
- VEEVOER 10

● VOERBAKKE	12	● MOTORSORG	23
● MIELIEMEEL	16	● VEILIGHEIDSDRAG	24
● DOEN-DIT-SELF	19	● BESPROEING	26
● OMHEINING	20		





VOORSEISOENAANKOPE:

Finansieel sinvol of nie?

Voortdurende marge druk of die sogenaamde kosteprys-knyptang is h aspek waarmee primêre produsente voortdurend gekonfronteer word.

Die kosteprys-knyptang ontstaan as gevolg van inset inflasie wat vinniger toeneem as uitset inflasie – h toename in insetkoste of te wel h jaar-op-jaar stygging in die pryse van meeste insette is h gegewe maar dit is nie noodwendig die geval in terme van sagte kommoditeitspryse nie. Laasgenoemde is, soos in die geval van insette met pryse direk aan die wisselkoers gekoppel, baie wisselvallig en primêre produsente bevind hulself gereeld in h situasie waar sagte kommoditeitspryse afwaarts beweeg terwyl die pryse van insette op h opwaartse kurwe is. Dit is verval met inagneming van die tydsverloop tussen die aankoop van insette en die verkoop van die oes. Oor die afgelope dekade of twee het baie produsente fokus geplaas op effektiwiteit as h strategie om die kosteprys-knyptang teen te werk. Alhoewel laasgenoemde baie suksesvol was en h groot bydra gemaak het om die finansiële volhoubaarheid van produsente te verseker, bly dit h strategie wat in meeste gevalle groot kapitale uitlegte verlang, aangesien h groot gedeelte van die effektiwiteit ontsluit word deur die gebruik van tegnologie en toerusting.

Die strategiese aankope van insette, of te wel h kostebestuurstrategie, is iets wat produsente ook behoort te oorweeganneer dit kom by die bestuur van die kosteprys-knyptang. Goeie prysaanbiedinge gedurende die voorseisoen is iets wat baie verskaffers oorweeg, aangesien dit produksie- en logistiekeplanning vergemaklik – h geleentheid wat produsent baie keer nie benut nie vir verskeie redes. Inteendeel, voorseisoenaankope word gereeld geassosieer met sogenaamde belastingaankope of word slegs oorweeg wanneer produsente h groot belastingsaanslag in die gesig staar. Alhoewel belastingoorwegings belangrik is wanneer dit by voorseisoenaankope kom, behoort dit nie die enigste en/of primêre oorweging te wees nie. Ander faktore wat oorweeg behoort te word sluit potensiële prysverhogings, verskeie kortings en die rentekoers, in die geval waar die inset gefinansier word, in. Met ander woorde, voorseisoenaankope is iets wat oorweeg moet word ongeag die grote van die boerdery en/of die potensiële belastingaanslag vir daardie bepaalde finansiële jaar.

Die finansiële sinvolheid van voorseisoenaankope behoort aan die hand van die volgende bepaal word: potensiële besparings in die vorm van



prysverhogings, addisionele kortings en afname in belasbare inkomste, en/of verhoging in aangeslange verliese wat in h toekomstige finansiële jare aangewend kan word, teenoor die rente asook potensiële stoor/sekuriteit en/of versekeringskoste wat ter sprake mag wees. Byvoorbeeld, indien die koste van h bepaalde inset soos saad met 10% verhoog effektiief 1 Februarie 2024 en finansiering kan bekom word teen 12% per jaar (prima + .25%), beteken dit dat die produsent die rente vir 10 maande kan betaal en na 10 maande steeds finansieel in dieselfde posisie sal wees as die produsent wat nie die bepaalde inset gekoop het voor die prysverhoging deurgekom het nie. Die voordeel vir die produsent wat dan wel die voorseisoenaankope gedoen het lê in die addisionele kortings wat verkry was asook die potensiële belastingbesparings (huidig of toekomstig).

Geskiedenis wys dat dit in meeste gevalle finansieel sinvol is om voorseisoenaankope te doen, veral op insette met pryse wat nie direk gekoppel is aan die wisselkoers nie. Alhoewel dit moeiliker is om te bepaal om dit finansieel sinvol is om insette soos kunsmis, wat se prys direk aan die wisselkoers gekoppel is, op h voorseisoen basis te koop, is dit steeds h transaksie wat die kliënt die geleentheid bied om prysverspreiding te doen. Met ander woorde, om h gedeelte voorseisoen te koop en sodoende potensiële toekomstige prysstygings te mitiger. In meeste gevalle is h gemiddelde prysingstrategie, h strategie wat oor tyd die beste resultate lewer.

Die finansiering van voorseisoenaankope kan h uitdaging wees vir produsente, aangesien die tradisionele finansieringsprodukte, soos h bankoortrekking, nie noodwendig voorsiening maak of die geleentheid bied vir voorseisoenaankope nie. Met ander woorde, meeste finansierders is nie genoeg om vir produsente addisionele limiete of verhogings in plek te sit om voorseisoenaankope te faciliteer nie. Agri Credit Solutions, in samewerking met Hinterland, het egter finansieringsprodukte wat buigbaar genoeg is om voorseisoenaankope te faciliteer. Hierdie finansieringsprodukte bied die produsent die geleentheid om die voorseisoenaankope oor h periode van tot en met 18 maande te betaal – iets wat nie die geval is by ander finansiers nie.

Moet nie hierdie geleentheid vir besparing by u laat verbygaan as gevolg van finansiering nie. Skakel gerus u naaste Agri Finansierder, Hinterland Insetbemarker of Hinterland takbestuurder. ☎

DIERESORG



MULTIMIN+SE+CU+CR 500 ml

R1 780⁸⁷
BTW ING R2 048,00

Kode: 6009634795348



SUPER BOOST 100 ml

R69⁵⁷
BTW ING R80,00

Kode: 6009707540080

MAXITET-LA 500 ml

R415⁶⁵
BTW ING R478,00

Kode: 6006352005292



OXIMYCIN 230 LA 500 ml

R437³⁹
BTW ING R503,00

Kode: 6009881084462



SWAMYCIN 500 ml

R230⁴³
BTW ING R265,00

Kode: 6008202000143



TERRAMYCIN LA 20 ml

R62⁶¹
BTW ING R72,00


Kode: 6009705540945



500 ml

R729⁵⁷
BTW ING R839,00

Kode: 6009705540952



BOSLUISBEHEER

Dr JG Nel
Consulting Veterinarian – Kyron Agri

Daar is baie bosluisspesies wat in Suid-Afrika voorkom. Ons klassifiseer hulle breedweg as óf harde- (ixodid) óf sage- (argasid) bosluise. Die harde bosluise kan ook breedweg geklassifiseer word as eengasheerbosluise of multigasheerbosluise. Tipiese een gasheerbosluise sluit die Afrika-bloubosluis (*Rhipicephalus (Boophilus) decoloratus*) en die Pantropiese bloubosluis (*Rhipicephalus (Boophilus) microplus*) in. Meergasheerbosluise wat algemeen voorkom sluit die Bruinoorbosluis (*Rhipicephalus appendiculatus*), die Bontpootbosluis (*Hyalomma truncatum*), die Bontbosluis (*Amblyomma hebraeum*), die Rooipootbosluis (*Rhipicephalus evertsi*) en die Karoo-verlamningsbosluis (*Ixodes rubicundes*) in. Die twee sage bosluise wat vir herkouers van belang is, sluit die sandtampan (*Ornithodoros savignyi*) en die stekelrige oorbosluis (*Otobius megnini*) in.

Die lewensiklus van bloubosluise is baie kort en die ontwikkeling vanaf die eierstadium tot die larf-, nimf- en volwasse stadium, wat op een gasheer voorkom, kan so kort as 21 dae wees. Die volgesuigde bosluiswyfie lê ook tussen 1000-2500 eiers wat binne 3-6 weke sal uitbroei waarna die onvolwasse larwestadia sal wag om aan 'n gasheer te heg. Die getalle en bosluislading van bloubosluise kan dus baie vinnig en eksponensieel toeneem wat ernstige bosluislaste tot gevolg kan hé. Bloubosluisgetalle begin toeneem vanaf die lente en bereik piekvlakke gedurende die laat somer en herfs. Die lewensiklus van meergasheerbosluise neem oor die algemeen 'n langer tyd om te voltooi (6 maande tot etlike jare) omdat die verskillende stadiums op veelvuldige gashere sal klim en ontwikkel. Die wyfiebosluis lê ook 'n groot bondel eiers. Die getalle meergasheerbosluise begin oor die algemeen 'n bietjie later toeneem vanaf die begin van die somer en sal ook gedurende die herfsmaande 'n hoogtepunt bereik. Die getalle meergasheerbosluise kan ook aansienlik toeneem, en hoë bosluislaste kan bereik word.

Al hierdie bosluise het spesifieke voorkeurplekke om aan te heg op die diere. Die bloubosluise word byvoorbeeld algemeen oral op die liggaam aangetref, terwyl die bruinoorbosluis hoofsaaklik aan die ore van beeste heg. Bontbosluis en bontpootbosluis word gewoonlik aangetref op die bors, ventrale buik, spene, uiers en testes en om die anus. Bontbosluis en Bontpootbosluis heg ook tussen die kloue van kleinvee vas. As gevolg van hierdie bosluise se lang monddede kan hulle wonde, absessvorming en mankheid veroorsaak. Die identifisering van die bosluisspesies en die hul aanhegtingsplek is van belang om 'n gesikte bosluisbeheerstrategie te ontwikkel en te implementeer.



Afgesien van die oordrag van bosluisgedraagde siektes, veroorsaak bosluise indirekte produksieverlies deur verminderde gewigstoename, bloedverlies, wonde, absessvorming, sekondêre brommerbesmetting, mankheid, skade aan huide en verlaagde vrugbaarheid.

Beheermetodes:

Verskeie bosluisbeheermetodes en strategieë kan gebruik word om die negatiewe effek van bosluse te verminder. Aangesien die klimaats- en omgewingstoestande (topografie, habitat, fauna en flora) op elke plaas uniek is, sal elke plaas 'n unieke bosluisbeheerstrategie en spesifieke bosluisbeheerintervalle hé. Bosluisbeheermetodes wat gebruik kan word sluit dompeldip, sputtgang, rugsakbespuiting, opgietmiddels en inspuitbare oplossings in.

Die gebruik van dompeldip en sputtgange is baie effektiewe en kostedoeltreffende metodes om bosluse te beheer. Hierdie twee metodes vereis genoeg water en toepaslike infrastruktuur, bestuur en instandhouding om optimale doeltreffendheid te verseker. Die gebruik van 'n rugsakspuit is een van die mees kostedoeltreffende metodes om bosluse te beheer en kan veral gebruik word wanneer dit slegs nodig is om kolbehandeling te doen om die spesifieke aanhegtingsplekke van spesifieke bosluse te teiken. Maar hierdie metode kan ook gebruik word om die hele liggaam van die dier te behandel indien nodig. Die opgietmetode is 'n baie gerieflike metode om te gebruik om bosluse te beheer, veral waar baie diere behandel moet word en waar die nodige infrastruktuur en hulpbronne nie in plek is om dompeldip of sputtgange toe te laat nie. Inspuitbare oplossings is ook 'n baie gerieflike metode om bloubosluse te beheer. Langwerkende oplossings is beskikbaar wat kan help om bosluse vir langer periodes te beheer.

Daar is slegs 'n paar aktiewe bestanddele wat beskikbaar is om bosluse te beheer. Bosluisweerstand teen hierdie aktiewe bestanddele is reeds wêreldwyd 'n ernstige probleem. Die korrekte strategie en verantwoordelike gebruik van hierdie dipmiddels word dus aangeraai om bosluisweerstand te voorkom.



ECTOSHIELD
25 l
R3 186⁹⁶
BTW ING R3 665,00
Kode: 6006352013532

DELETE ALL
20 l
R3 129⁵⁷
BTW ING R3 599,00
Kode: 8713184034472

TACTIC CATTLE
SPRAY 1 l
R250⁴³
BTW ING R288,00
Kode: 8713184033888

SUPAVAX 100 ml

R373⁹¹ BTW UIT

BTW ING R430,00

Kode: 8713184034939




PULPYVAX 100 ml

R50⁴³ BTW UIT

BTW ING R58,00

Kode: 8713184035097



ONE SHOT ULTRA 7 50D

R721⁷⁴ BTW UIT

BTW ING R830,00

Kode: 6009705542222

ONE SHOT ULTRA 7 50D

R721⁷⁴ BTW UIT

BTW ING R830,00

Kode: 6009705542222



LUMPYVAX 100 ml

R1 313⁰⁴ BTW UIT

BTW ING R1 510,00

Kode: 8713184067791



EPSOM SALT

5 kg

R107⁰⁰

Kode: 6009693970083



SWAEL SULPHUR

1 kg

R62⁰⁰

Kode: 6009693970342



CURA-SPRAY

440 ml

R123⁴⁸ BTW UIT

BTW ING R142,00

Kode: 6009881084066




SUPONA AEROSOL

385 ml


R195⁶⁵ BTW UIT

BTW ING R225,00

Kode: 6009705541003



IVOMEC 1%
50 ml
R126⁰⁹ BTW UIT
BTW ING R145,00
Kode: 6009670390613



IVERMAX 1%
500 ml
R268⁷⁰ BTW UIT
BTW ING R309,00
Kode: 6006352005322



DECTOMAX
500 ml
R1 334⁷⁸ BTW UIT
BTW ING R1 535,00
Kode: 5414736062341



SOLUTION 3,5% LA
3 x 500 ml
R3 042⁶¹ BTW UIT
BTW ING R3 499,00
Kode: 8713184149015

TROETELDIERSORG

JAN TAKS
PROMOSIE



R225⁰⁰

SIMPARICA TABLETS

5 mg x 3 1,3 kg-2,5 kg

Kode: 6009705544172

10 mg x 3 2,5 kg-5 kg

Kode: 6009705544189

20 mg x 3 5 kg-10 kg

Kode: 6009705544196

40 mg x 3 10 kg-20 kg

R293⁰⁰

Kode: 6009705544202

80 mg x 3 20 kg-40 kg


R379⁰⁰

Kode: 6009705544219

120 mg x 3 40 kg-60 kg

R531⁰⁰

Kode: 6009705544226



**MONTEGO
CLASSIC ADULT
DOG FOOD
20 kg**

Kode: 6009686620162

STAND A CHANCE TO WIN WITH

Montego
Classic

WHEN BUYING ANY
CLASSIC DRY FOOD PRODUCT

YOU CAN WIN A:

JOJO KENNEL AND A
CLASSIC HAMPER VALUED AT R2 000!



ONLY AVAILABLE AT HINTERLAND BRANCHES

Hinterland

COMPETITION VALID FROM 16 FEBRUARY - 10 MARCH 2024

V33106, V15913, V22165, V17492, V29157 (Act 36 of 1947) | T's & C's Apply

WIN A TOYOTA FORTUNER



VALUED AT R700 000*



NEW
LOOK!



BUY ANY CLASSIC
DRY FOOD AND DIAL
***120*8826#** TO ENTER!

1 BAG = 1 Entry

Visit www.montego.co.za
for more information

ACTUAL PRIZE DEPICTED: TOYOTA FORTUNER 2.4 GD-6 RB AT 4X2

*Terms & conditions apply | USSD costs 20c/20 secs | Valid from 8 January to 8 April 2024 | South Africa only

Classic

VEEVOER

JAN TAKS
PROMOSIE

SUPERFOS 50 kg

Kode: 141329




SUPERMOL 50 kg

Kode: 141345

7%
korting

VOERMOL



FOSFAATBLOK 25 kg

Kode: 141325



MOLATEK

BEESVET 33+ 40 kg

Kode: 6009630590305



FOSLEK 50 kg

Kode: 6009630590275

7%
korting

SKAAPVETMES- KONSENTRAAT 50 kg

Kode: 6009630590091



FOSBLOK 25 kg

Kode: 10110279




Easylam

Melk vervanger vir Lammers

Reg. No. V29960 Act 36 of 1947

Voordele van Easylam

Gekonsentreerde melk protein

- Hoogs verteerbaar vir optimale groei

Beproefde groei tempo resultate

Vervaardig deur 'n unieke tegnologiese Ultra-Filtrasie proses

- Verseker beskerming van protein gedeeltes tydens vervaardigingsproses
- Verseker ook 'n besonderse hoë kwaliteit produk

Meng instruksies

- Maklike vermening selfs in koue water
- Bespaar tyd
- Geskik vir alle grootmaak metodes (meganies/hand)
- Produk bly vars vir 24 uur
- Werk uitstekend in ad-lib voedingsisteme

Volledig geformuleer

- Verskaf alle nutriente wat deur die lam benodig word

Beskikbaar in 1.5kg, 2.5kg, 5kg, 10kg

Ook geskik vir boklammers

Easylam

Pribio Dieregesondheid:

Tel: 056 217 1114

www.pribio.co.za

**Ook geskik vir
boklammers**



GERIEFLIKE VERPAKKING



EASYLAM 5 kg

R535⁰⁰

Kode: 781718123679

Protein
24%

Oil
24%

Ash
7%

Fibre
0%

VOERBAKKE TERWYL VOORRAAD HOU

5%
korting

MOLASSE FEED
TROUGH 2 WHEEL
Kode: 11147049

5%
korting

CATTLE TROUGH
3 m 600 l
Kode: 11094377

CATTLE
TROUGH 3 m
Kode: 11094379

SHEEP FEED
TROUGH 2 m
Kode: 11114921

SHEEP
TROUGH 3 m
Kode: 11112609

CATTLE WATER
TROUGH 3 m
Kode: 11114924

HOT-SHOT PRODDER
R1 802⁰⁰

Kode: 20731141502569



DOELTREFFENDE SKOFFELBEWERKING VIR MIELIELANDE: 'N SENWES EQUIPMENT perspektief

• • • • •

SKOFFEL JY?

DIE BELANGRIKHEID VAN DIE REGTE SKOFFEL SKAAR

Die suksesvolle verbouing van mielies vereis sorgvuldige aandag aan elke fase van die produksieproses. Een van die kritiese fases is die skoffelbewerking na die planttyd. Hierdie artikel belig die belang van die regte tyd vir skoffelbewerking en keuse van die regte skoffelskaar.

Senwes equipment

"WAT MAAK JY MET DAAI 10 TON-TREKKER? PLOEG JY?" – NEE, ONS SKOFFEL NOU!

Die suksesvolle verbouing van mielies vereis sorgvuldige aandag aan elke fase van die produksieproses. Een van die kritiese fases is die skoffelbewerking na die planttyd. Hierdie artikel belig die belang van die regte tyd vir skoffelbewerking en keuse van die regte skoffelskaar. Senwes Equipment, met 33 takke landswyd, bied kundige advies om boere te ondersteun met die beste seleksie van toerusting.

Regte tyd vir skoffelbewerking:

Na die planttyd is dit van uiterste belang om die mielielande te skoffel. Dit vind gewoonlik plaas wanneer die onkruid in die lande hewig en onophoudelik groei. Hierdie fase verseker dat die onkruid effektiel uitgeruk word sonder om die jong mielieplante te beskadig.

Belang van die regte skoffelskaar:

Die keuse van die regte skoffelskaar is van kardinale belang vir 'n suksesvolle skoffelbewerking. Verskeie faktore, soos die grondtipe en onkruidspesies, moet in ag geneem word. 'n Ongepaste skaar kan tot skade aan die mielieplante lei, terwyl die regte skaar onkruid doeltreffend kan beheer sonder enige negatiewe impak op die gewas.

Senwes Equipment se rol:

Met 33 takke landswyd is Senwes Equipment 'n betroubare bron van kundige advies vir boere. Equipment se span van onderdelekenners help boere om die regte skoffelskaar vir hul spesifieke omstandighede te kies. Die doel is om optimale opbrengste deur doeltreffende onkruidbeheer te verseker. Die regte toerusting is krities vir suksesvolle landbou en Senwes Equipment ondersteun boere om die beste besluite te neem vir hul mielielande en vir 'n voorspoedige seisoen.

In die woorde van die gewilde liedjie deur Rikus Nel, "Wat maak jy met daai 10 ton-trekker? Ploeg jy?" Senwes Equipment-klante skoffel met hom... ☺

Deon Kruger - Regional Marketer: Parts
Deon.kruger@senwes.co.za | +27 78 534 6151



BASTION

Grondslag vir groei

Jou vervoer
met pasgemaakte
kalkoplossings



PAK GRONDVERSURING BY DIE HORINGS!

Grondsuurheid word as 'n oormaat waterstof-ione (H^+) teenoor die hoeveelheid hidroksied-ione (OH^-) in die grond gedefinieer en die stand van hierdie balans word in die pH van die grond gereflekteer.

Hierdie versuring word veroorsaak deur die volgende:

- Die gebruik van oormatig gereduseerde stikstof kunsmis.
- Verwydering van basiskatione deur die gewas.
- Die versnelde afbraak van grond- organiese materiaal as gevolg van bewerking.
- Organiese en anorganiese sure wat tydens die afbraak van gewasreste vorm.
- Waterstof (H^+) wat die plant in die grond afskei.
- Loging as gevolg van hoë reënval.
- Suurreën.

Grondsuurheid en veral ondergrondse versuring is tans van die mees aktuele onderwerpe met betrekking tot Suid-Afrikaanse graanverbouingsareas en word aangevuur deur verkeerde of onvoldoende bekalkingspraktyke.

Kobus van Zyl van Omnia in samewerking met dr. Koos Bornman het by FERTASA se werkswinkel oor grondsuurheid data voorgelê uit werk wat hulle gedoen het. Daar is na 16 jaar se ontleding gaan kyk wat in die Vrystaat getrek en ontleed is by Chemtech Laboratorium in Sasolburg. Daar is meer as 100 000 monsters by die studie ingesluit. Daar is gevind dat die pH (KCl) in alle bogrondmonsters met 4% gedaal het oor die 16 jaar tydperk. Verder is daar gevind dat die persentasie van suurversadiging met 'n skokkende 85% oor dieselfde tydperk toegeneem het. Daar is ook na die verwante katione soos kalsium (Ca) en magnesium (Mg) gekyk en daar is 'n 16% afname in die Ca-vlakte en 20% afname in die Mg-vlakte gevind.

Die studie het ook aangedui dat 31% van die **ondergronde** in die Vrystaat en 22% van die **ondergronde** in die Noordwes se pH (KCl)-waardes tussen 4 en 4,5 is en verder 13% en 6% onderskeidelik onder 4 is.

Hierdie is as te ware 'n katastrofe vir die mielieproduksie in die Vrystaat en Noordwes. Verhoogte mielieopbrengsmkpunte sonder die broodnodige bekalkingsprogram het oortyd sy tol ge-eis. Die afname in grond pH (KCl)-vlakte met gepaardgaande styging in % suurversadiging en afname in kalsium (Ca) en magnesium(Mg) is die bewys hiervan en moet baie dringend aandag kry om volhoubaar te bly produseer.

Al meer produsente beweeg na stoppel- bewerkingspraktyke en selfs geen bewerking. Hierdie praktyke word aangeneem om winderosie te beheer asook om 'n dek- of stoppellaaig bo-op die grond te vorm om die grond se oppervlake teen die elemente te beskerm. Dit gesê, word gronde nie meer geploeg en omgewerk nie.

Die inwerk van landboukalk is van kardinale belang om optimale werking te kry en dit is reeds hieroor dat landboukundiges al meer van gips en gips-/kalkmengsels gebruik maak om beweging van kalk te bewerkstellig.

Dr. Malcolm Sumner het al in 1989 navorsing gedoen in Florida, VSA, oor die opbrengsverhogings wat verkry is deur gips met kalk te meng en in die bogrond toe te dien. Daar is gevind dat die wortels baie beter

ontwikkel het waar gips by landboukalk bygevoeg is. Die grondstruktur het verbeter en opbrengste het verhoog. 'n Verklaring vir hierdie verbetering in die gewasprestasie is aan verskeie effekte toegedig.

- Toename in die kalsium (Ca)-inhoud van die ondergrond.
- Komplekse verbindinge tussen die aluminium, sulfate (SO_4^{2-}) en fluoried (F) wat die toksiese Al^{3+} van die grond verminder.
- Die ionuitruiling van SO_4^{2-} vir hidroksiel-ione op die oppervlak van die klei (seskwioksiedes).
- Verbinding tussen SO_4^{2-} en Al wat Al minder toksies maak.
- Die fluoried in die gips verbind ook met Al^{3+} om sodoende die toksiese Al in die oplossing te verwander.

Groot gedeeltes van Suid-Afrika se graanverbouingsgebiede het egter nie seskwioksied kleimineralen nie en dus sal selfbekalking nie plaasvind nie. Hierdie dele sukkel egter met geweldige ondergrondse versuring. In hierdie gronde sonder beduidende hoeveelhede seskwioksied kan gips-/kalkmengsels gebruik word om die suurversadiging (suur op die uitruilkopleks) van die ondergrond te verlaag deurdat dit kalsium tot die grond toevoeg. Dit sal egter nie 'n betekenisvolle effek op die pH van dié grond hê nie.

Wees egter versigtig wanneer gips-/kalkmengsels gebruik word.

- Gips het nie 'n pH-werking nie en dus moet die kalkbehoefte bepaal word en die gips wat dan bo-op die hoeveelheid kalk benodig word bygesit word, byvoorbeeld, indien twee ton van 'n spesifieke kalk benodig word om die pH reg te stel en daar word van 'n 80:20 mengsel gebruik gemaak, moet daar 2,4 ton mengsel toegedien word. Indien dit nie so gedoen word nie sal die nodige pH-veranderinge nie verkry word wat oor tyd onder bekalking sal plaasvind nie.
- Indien die bogrond nog nie op vlakte van 5 of selfs 5,5 pH (KCl) is nie, moet die toediening van die gipsmengsel versigtig oorweeg word. Indien die bogrond se pH nie op bevredigende vlakte is nie, moet dit eers reggemaak word voor daar op die ondergrond gefokus kan word.
- Daar word oor die algemeen van 10%, 20% en 40% gipsbyvoegings gebruik gemaak. Die landboukundige word gewoonlik geleei deur die hoeveelheid ondergrondse suurversadiging wat herstel moet word om te bepaal hoeveel gips bygevoeg gaan word. Wat hier egter belangrik is, is om seker te maak wat die grond se Mg-status is. Indien die Mg-vlakte laag is moet die gips saam met 'n dolomiet toegedien word om die Mg wat moontlik afgeskop kan word, te kan vervang. Daar moet ook dan groot fokus geplaas word op kaliumbemesting op die daaropvolgende jaar.

Vir nommerpas kalkoplossings, skakel die Bastion-bemarkingspan vandag:

- Dons Jordaan, bemarkingsbestuurder: **018 464 7828**
- Lourens Swart, logistieke koördineerder: **018 464 7823**
- Yolanda Steenkamp, verkoopskoördineerder: **018 464 7707**

MIELIEMEEL

JAN TAKS
PROMOSIE



LUCKY SUPER
MAIZE MEAL 25 kg
R175⁰⁰

Kode: 6009608990946

12,5 kg
R87⁰⁰

Kode: 6009608990939

10 kg
R70⁰⁰

Kode: 6009608990922





JOHN DEERE DL-PLANTERREEKS

Planttyd is sekerlik die belangrikste tyd van die jaar vir enige saaiboerdery, en vervaardigers werk hard om nuwe tegnologie te onwikkeld wat boere help om daardie ekstra ton per hektaar te behaal.

Die DL-reeks planters van John Deere het tegnologie wat by die boer se unieke omstandighede aanpas.

Die planters het John Deere se MaxEmerge 5[®] elektriese ryeenhede met rame vervaardig deur Rovic Leers. Die planter word aan die einde van die dag in Suid-Afrika aanmekaar gesit.

Die planter kan ook bestel word met John Deere se ExactEmerge-ryeenhede. Die ryeenhede is ontwerp om tot 16km/h te kan plant sonder om akkuraatheid prys te gee. Die ExactEmerge-ryeenhede is toegerus met John Deere se BrushBelt-leweringstelsel wat saad op die bodem van die saadvor plaas sonder enige rol- of bonsbeweging. 'n Elektries-aangedrewe vakuumuitmeter wat verskillende saadgroottes en -vorms gelyktydig kan uitmeet, voer die BrushBelt-stelsel.

Benewens die monitering van ryeenhede wat die gemak van die plantproses bevorder, is daar verskeie nuwe ontwikkelings wat beheer oor die plantproses uitoefen. Met die John Deere Mobile Row Unit Run Off

kan 'n produsent die beste verstelling van die saaduitmeetmeganisme op sy selfoon of tablet bepaal voor die planter begin werk. Elke eenheid kan ook vinnig nagegaan word om leverings-probleme op die ryeenhede uit te skakel.

- Die planter is beskikbaar in konvensionele asook Minimum "till" rame. Dit is beskikbaar in 16 ry (0,914 m en 0,762 m rame) asook 12 ry (0,914 m en 0,762 m rame).
- Die klant het die opsie om die planter met MaxEmerge 5[®] of ExactEmerge ryeenhede te bestel.
- Die planter het 'n kunsmiskapasiteit van 6 200 liter.
- Dit kom met "Individual row hydraulic downforce".
- Die planter word ook toegerus met 'n Greenstar Dry Rate Controller wat help met akkurate variërende kunsmistoediening.
- Vele meer spesifikasies beskikbaar.

Kontak jou naaste Senwes Equipment-bemarker vir meer inligting asook spesiale aanbiedinge op hierdie reeks planters. ☎

ARE YOU READY FOR HAYMAKING SEASON? HAVE YOU CHECKED YOUR RAKES, BALERS & SLASHERS?

GROUND ENGAGING



BELLOTA Zircon
agriculture replacement parts

HAYMAKING



Zircon
agriculture replacement parts

PLANTER PARTS



Zircon
agriculture replacement parts

PTO & TRANSMISSION



ARC NBR TIMKEN Zircon comer industries

SPRayers & PUMPS



JACATO GEOline LDR ARAG

TRACTOR PARTS & IMP PINS



Perkins Zircon

“ IN STRIDE WITH THE FARMER, OPTIMIZING YIELD ”

Prodist Mechanisation is the leading distributor of the well recognised BELLOTA brand in South Africa. BELLOTA products have a longer service life thus allowing for less breakages, fewer time consuming stops and tillage applications are more precise and uniform. The final result of these high end quality products is simply improved profitability. BELLOTA offers a life time warranty - The perfect balance between hardness and toughness.



Contact your nearest Senwes branch to find out more about BELLOTA and the other products available from Prodist Mechanisation.

prodist 
mechanisation

DOEN-DIT-SELF

VITEMAX
WELDING RODS
2,5 mm 1 kg
R286⁰⁰

Kode: 6005919000046

3,15 mm 1 kg
R168⁰⁰

Kode: 6005919000060



STEEL CLADD
RED OXIDE 5 ℥
R482⁰⁰

Kode: 700371747268



WELDER INVERTER
200A 220 V & KIT
MATWELD
R3 134⁰⁰

Kode: 6008076010590




POWERMASTER
GENERATOR
220V - 7,5 KvA
R14 789⁰⁰

Kode: 6009507857463



AUTOFAST DONALD'S
WIRE STRAINER
R869⁰⁰

Kode: 6009633550061



BOBBEJAAN
DONALD'S WIRE STRAINER
R1 614⁰⁰

Kode: 6009633550047

5
OF
MEER

HEAVY DUTY
FENCING PLIER
TITAN



250 mm
R199⁰⁰

Kode: 6488246018258

300 mm
R235⁰⁰

Kode: 6488246018302



JERRY CAN PLASTIC
DIESEL 25 ℥
R546⁰⁰

Kode: 6001246743359

JERRY CAN PLASTIC
PETROL 25 ℥
R762⁰⁰

Kode: 6001246022065

OMHEINING

BARBED WIRE

**10
OF
MEER**

AGRIBARB LIGHT
2 mm x 845 m

R815⁰⁰

Kode: 11009679

SINGLE (FG)
2,8 x 1,9 x 845

R1 177⁰⁰

Kode: 11010496

DOUBLE (FG)
2 x 1.57 x 845 35 kg

R1 059⁰⁰

Kode: 11010497

WIRE BINDING

1,60 mm x 50 kg

R1 350⁰⁰

Kode: 11010485

2,00 mm x 50 kg

R1 320⁰⁰

Kode: 11010486

3,15 mm x 50 kg

R1 320⁰⁰

Kode: 11010488

4,00 mm x 50 kg

R1 320⁰⁰

Kode: 11010489

SINGLE (LG)
BARBED WIRE
2,8 x 1,9 x 845

R1 094⁰⁰

Kode: 11010495

Y-STANDARDS

**50
OF
MEER**

1,85 m

R100⁰⁰

Kode: 11010243

2,45 m

R128⁰⁰

Kode: 11010244

3,05 m

R189⁰⁰

Kode: 11010245

**100
OF
MEER**

T-DROPPERS

1,25 m

R19⁰⁰

Kode: 10080310

1,85 m

R28⁰⁰

Kode: 11083441

1,40 m

R21⁰⁰


Kode: 10080311

2,45 m

R39⁰⁰

Kode: 11083444





**FARM GATES
MEDIUM**

**3 000 x 1 200 m
R1 178⁰⁰**

Kode: 11010286

**3 600 x 1 200 m
R1 425⁰⁰**

Kode: 11010287

**4 800 x 1 200 m
R2 179⁰⁰**

Kode: 11010290



KODE	FENCE POSTS & STAY	PRYS
11010276	FENCE POST STAY & BASE 1,8 x 38 x 2	R199,00
11010277	FENCE POST STAY & BASE 1,8 x 50 x 2	R249,00
11010268	POST 76 x 1,8 x 1,6 m	R339,00
11010272	POST 101 x 1,8 x 2,0 m	R449,00
11010274	POST 101 x 2,4 x 2,0 m	R707,00



**DELTEC 1 000 W
24 V COMBO**

R9 644⁰⁰

Kode: 11153755

**DELTEC 1 600 W
24 V COMBO**

R11 534⁹⁰

Kode: 11153757

HOEKOM DELTEC?

**SEKURITEIT
BATTERY**

PLAASLIK GEEN WAGTYDPERK NIE
GETOETS VIR PLAASLIK KONDISIES
VERSKEIE APPLIKASIES

BESKIKBAAR IN LITHIUM

a member of the Hudaco group

Hinterland

SENWES- EN JOHN DEERE-MASJINERIE

Inspeksieprogram



Dié vraag oor ons John Deere-toerusting wat op die plaas rondstaan kom by elkeen van ons op. Is hy reg vir die seisoen wat voorlê?

Soos baie van ons boere reeds weet, verkoop Senwes unieke John Deere-inspeksieprogramme. Ons het hierdie programme self geskryf met punte wat ons weet h probleem kan word as gevolg van slytasie op masjinerie.

Die inspeksieprogramme is ook van so aard dat jy as klant kostes bespaar vir die hoeveelheid punte wat nagegaan word op h masjien.

Wat hou die inspeksie vir jou as klant in? Dié antwoord verseker gemoedsrus.

Voordele van inspeksies wat gedoen word:

- Laer onderhoudskostes.
- Verleng die lewensduur van die John Deere-masjien.
- Verleng die operasionele leeftyd en produktiwiteit van toerusting.
- Probleme teenwoordig op die masjien kan vroegtydig opgespoor word.
- Die staantyd in seisoen word beperk.
- Onderdele kan vroegtydig bestel word, wat die wagperiode verkort.
- Slegs h gekwalifiseerde Senwes/John Deere-tegnikus sal die inspeksie doen.
- Slegs OEM John Deere-onderdele word gebruik.
- Gerustheid dat jou John Deere gereed is vir die seisoen wat voorlê.

Ons streef daarna om h diens te lewer wat gemoedsrus verskaf, sodat jy jou John Deere kan aansluit en die werk kan doen sonder probleme.

Ons sien daarna uit om net die beste diens vir elke Senwes-klant te verseker.

Skakel jou naaste Senwes/John Deere-werkswinkel om vroegtydig h inspeksie te boek. ☎

Malan Joubert
Meganasisatie diensbestuurder

MOTORSORG

JAN TAKS
PROMOSIE



DIESELUBE 700 SUPER

20 l

R1 519⁰⁰

Kode: 6001351114082

210 l

R14 999⁰⁰

Kode: 10082001



GEARLUBE EP 80W-90

20 l

R1 239⁰⁰

Kode: 6001351114075

210 l

R12 999⁰⁰

Kode: 10082227



AGRIFLUID

20 l

R1 194⁰⁰

Kode: 6001351114051

210 l

R12 499⁰⁰

Kode: 11027070



AGRITRAC SUPER UNIVERSAL

20 l

R1 199⁰⁰

Kode: 6001351114068

210 l

R12 299⁰⁰

Kode: 10082299



DIESELUBE 530

20 l

R1 074⁰⁰

Kode: 6001351009364

210 l

R10 609⁰⁰

Kode: 10082224



ANTI FREEZE SUMMER COOLANT

20 l

R1 599⁰⁰

Kode: 6001351071583

ATF 22D

20 l

R1 449⁰⁰

Kode: 6001351072962



SLEGS GELDIG VIR DIE EERSTE 150 AANKOPE | TERWYL VOORRAAD HOU.

GET A TRACTOR MOUNTED LED BAR

when you buy 240L or more of participating lubricants



HS SUPPLIES
FUEL YOUR PASSION



ENGEN

VEILIGHEIDSDRAG



JACKET PREMIUM NAVY/GREY

Grootte: S - 3XL

R255⁹⁰

Kode: 790910339795+



JACKET PREMIUM NAVY

Grootte: S - 3XL

R237⁹⁰

Kode: 790910339580+

PANTS PREMIUM NAVY

Grootte: 28 - 46

R231⁹⁰

Kode: 790910339931+

CHELSEA GUMBOOT NEPTUNE

Grootte: 4 - 12

R312⁹⁰

Kode: 6009700227544+



RAINSUIT PREMIUM NAVY / YELLOW VULCAN

Grootte: S - 3XL

R204⁹⁰

Kode: 11153039+



Senwes Equipment KONSTRUKSIE

John Deere

318G Skidsteer

R920 000

Excl. VAT



Wacker Neuson

WN KR 1445 Telehandler

R1 280 400

Excl. VAT

Wacker Neuson

WN 3507 Telehandler

R2 500 000

Excl. VAT



John Deere

310L BACKHOE LOADER

R1 285 000

Excl. VAT



Wacker Neuson

WN 5075 Loader - **R1 328 388,95** Excl. VAT

WN 5085 Loader - **R1 664 799,68** Excl. VAT

WN 5095 Loader - **R1 867 647,73** Excl. VAT

Verkoopsbestuurder:

Johan van Rooyen



076 035 0911



johanvanrooyen@senwes.co.za



BESPROEIING



VERTICAL WATER
TANK 10 000 ℥
R16 563⁹⁰

Kode: 6009701820218

VERTICAL WATER
TANK 2 700 ℥
R4 539⁹⁰

Kode: 6009711030164

VERTICAL WATER
TANK 5 250 ℥
R6 864⁹⁰

Kode: 6009711030409

JOJO TANK CHEMICAL
HORIZONTAL MEDIUM
5 000 ℥
R24 894⁰⁰

Kode: 6009701821222

JOJO BOOSTER
PUMP & CONNECTION
0,37 kW
R1 769⁰⁰

Kode: 6009701829037



Het jy geweet...

- JoJo tenks kan die harde Suid-Afrikaanse son weerstaan omdat UV in die molekulêre struktuur van ons plastiek ingemeng word.



- JoJo tenks het 'n swart voering aan die binnekant om algegroei te voorkom.

- JoJo tenks kan volgens jou chemiese graderingsvereistes vervaardig word, vir die berging van:



Diesel



Plaagdoders



Paraffien



Chemikalieë



Olies



Kunsmisstowwe

#EngineeredToLast | #InvestinJoJo

Leer meer oor ons kwaliteitsverbintenis by
www.jojo.co.za

KODE	STAIRS MOTOR DOMPEL POMPE	PRYS
6009507834662	0,37 kW 230 V 100 mm	R2 388,00
6009507834679	0,56 kW 230 V 100 mm	R2 549,00
6009507834686	0,75 kW 230 V 100 mm	R2 709,00
6009507834693	1,12 kW 230 V 100 mm	R2 949,00
6009507834709	1,50 kW 230 V 100 mm	R3 499,00
6009507834716	2,20 kW 230 V 100 mm	R4 399,00
6009507834747	0,37 kW 400 V 100 mm	R2 399,00
6009507834754	0,55 kW 400 V 100 mm	R2 529,00
6009507834761	0,75 kW 400 V 100 mm	R2 699,00
6009507834785	1,5 kW 400 V 100 mm	R3 224,00
6009507834778	1,12 kW 400 V 100 mm	R2 819,00
6009507834792	2,2 kW 400 V 100 mm	R4 029,00
6009507834808	3 kW 400 V 100 mm	R5 509,00
6009507834815	4 kW 400 V 100 mm	R6 114,00
6009507834839	7,5 kW 400 V 100 mm	R8 664,00



CASCADE CENTRIFUGAL
PUMP 0,75 kW 230V

R1 824⁰⁰

Kode: 6009545822140

CABLE SUBMERSIBLE
4 CORE 4-0 mm
500 m
R86⁰⁰
p/m

Kode: 6009507852697

3 CORE 2,5 mm
500 m
R43⁰⁰
p/m

Kode: 6009507850846



GALVANISED PIPE
MEDIUM SCREWED
SOCKET 40 mm x 3 m
R519⁰⁰

Kode: 6009507828814

GALVANISED PIPE
MEDIUM SCREWED
SOCKET 50 mm x 3 m
R763⁰⁰

Kode: 6009507828821



WATER POMP 50 mm
PETROL GP160H 5HP
R6 999⁰⁰

Kode: 6009507866755

WATER POMP 80 mm
PETROL GP160H 5HP
R7 804⁰⁰

Kode: 6009507889570

KUNSMIS POMP
50 mm GP160QX
R10 949⁰⁰

Kode: 6009507865918

BESPROEI
VIR GROEI!



Reinke
087 654 5828

salesrsa@reinke.com | www.reinke.com |

x10



deserve it! promotion



For our resilient Farmers, who work hard, no matter what the pressures are from all around us.

You make us proud.



ZA-M 1502 Twin disc Spreader (1 500 ℥) (Excluding Discs) & Spreading disc set OM 10 – 16 m

Deserving retail price: R194 400 (excl. vat)

ZA-M 1502 Twin disc Spreader (1 500 ℥) (Excluding Discs) & Spreading disc set OM 18 – 24 m

Deserving retail price: R196 000 (excl. vat)

ZA-M 1502 Twin disc Spreader (1 500 ℥) (Excluding Discs) & Spreading disc set OM 24 – 36 m (Hard Alloy Coated)

Deserving retail price: R216 000 (excl. vat)

Phone your nearest Amazone dealer for more information or email info@falconequipment.co.za

In solidarity with our Boks!



ONLY
12
AVAILABLE!



ZA-TS 2200 Super Profis Hydro ISOBUS (2 200 l) & TS30 Spreading vane set 24 - 54 m (Tungsten Carbide Coated)

Winning retail price: R675 300 (excl. vat)

PRE-SEASON SPECIAL



JF 92 Z 10
R88 000
(excl. vat)



JF C120
R199 000
(excl. vat)



CF C240
R389 000
(excl. vat)

ENDS 31 MARCH 2024

Staalmeester S

JARELANGE HINTERLAND-KLANT WEN kompetisievoertuig



Op Saterdag 13 Januarie vroeër vanjaar het die drie maande lange Hinterland op reis-veldtog tot h einde gekom toe die sleutel van h splinternuwe Toyota Corolla Cross 1.8 XS CVT ter waarde van R440 000 aan oom Fanie Jacobs van die Bloemhof-omgewing oorhandig is.

Die kompetisie het van Oktober tot Desember gestrek, en om te kwalifiseer moes klante óf minstens twee produkte van deelnemende handelaars by Hinterland ter waarde van R1 000, óf R2 000 se brandstof by Hinterland Fuels koop. Elke Hinterland-tak het drie name uit die inskrywings getrek, en om die prys te wen, moes finaliste persoonlik die musiekfees in Wesselsbron bywoon waar die veldtog op h hoë noot afgesluit is. Jay, Prop, Fatman, Selling the drama en Shandor Potgieter het vir die aand se vermaak gesorg.


Oom Fanie Jacobs was een van Bloemhof-tak se drie finaliste. "Ek wou eers nie Wesselsbron toe gaan om die funksie by te woon nie. Ek het dan nog nooit eers h basaarpoeding gewen nie!"

Tydens die funksie is daar uit al die takfinaliste h finale drie name getrek waar oom Fanie, h regte grapjas, tot groot vermaak van die skare h dansie met sy kierie uitgevoer het. "Toe ek my hand in die kollekte-sakkie-besigheid steek om h remote te kies, het ek sommer net gewéé die ander twee finaliste se moeilikheid is vir hulle geboek!" lag oom

Fanie oor die aand se gebeure. "Die eerste ou het sy knoppie gedruk, maar die kar wou nie oopsluit nie. Toe die tweede ou sy knoppie druk en die kar stééds nie oopsluit nie, het die realiteit nie dadelik ingesink nie. Almal het toe al só tekere gegaan, maar toe daai seremoniemeester-tjie sê ek moet my knoppie druk en die kar se deure hard en duidelik oopsluit, was die oomblik baie groot!"

h Splinternuwe ryding is vir enige mens h groot lekkerte, maar as hy jou boonop nijs uit die sak gejaag het nie, is die lekkerte nóg groter. "Ek het darem al h bietjie met hom h draai dorp toe gery, en die tannie en ons kleinseun wat by ons bly was met hom kerk toe Sondag. Hy ry lekker hoor!"

Oom Fanie vertel hoe hy sy drie seuns vir baie jare alleen grootgemaak het, asook hoe hy h tweede kans op liefde gekry het toe hy vir tannie Ellen ontmoet het. "Ek het haar sommer in die parkeerarea voor die inkopiesentrum gevra om te trou, sommer so terwyl ons in die Toyota Venture gesit het."



Oom Fanie se pad met Toyotas kom al h lang tyd. Die Toyota-bakkie waarmee daar beeste gewerk word, staan reeds op 800 000 km. "Ek is nou nie een vir al hierdie nuwe tegnologie nie. My kop is sommer my computer!" Hy verwys spottenderwys na die moderne trekkers en landbouerusting as "sonskyntrekkers" omdat "die son mos deesdae nie die jong mannetjies mag brand nie". Oor sy verbintenis met Senwes en Hinterland gesels hy egter meer ernstig nadat hy eers opdragte uitdeel vir die volgende dag se skaapskeerdery. "Ek het op hierdie plaas grootgeword, en my oorlede pa het die plaas na sy dood in my hande gelos. Hinterland is al donkiejare deel van ons boerdery. Hulle was nog altyd net goed vir my, en daar is altyd tyd vir h grappie as ek daar kom."

Geen boerdery is altyd net maanskyn en rose is nie. Oom Fanie se oë skiet vol trane as hy vertel hoe hy tydens h groot droogte pasgebore kalfies moes skiet omdat daar net eenvoudig nie genoeg kos vir sy vee was nie. Die Jacobse moes al vele ander teleurstellings en ontberings ook deurmaak. "Tannie Ellen is h rukkie gelede met kanker gediagnoseer

en dit was ook maar vir ons h moeilike pad, maar ons dank die Vader dat Hy haar gespaar het en dat ons daardeur kon kom. Alle dank aan die Here. In hierdie wêreld kan ons van nijs behalwe van een ding seker wees nie, en dit is ons geloof. Alles is net genade. Ons kyk boontoe en is dankbaar dat daar steeds water in die boorgate is."

Wayne Edwards, besturende direkteur van Hinterland, het oom Fanie veilige kilometers toegewens. "Ek wil ook dankie sê aan elke borg wat ingestem het om deel te wees van hierdie veldtog. Dankie ook aan elke klant wat aan die kompetisie deelgeneem het. Wie weet, ons kan dalk net oorweeg om weer h soortgelyke kompetisie te hou!"

Certisure, die versekeringsmaatskappy binne die Senwes Groep, het aangebied om vir h jaar lank onder sekere voorwaardes die versekering van die voertuig te dra. Hinterland vorm deel van die Senwes Groep se kleinhandelbesighede en fokus hoofsaaklik daarop om produsente van alle landbouinsette te voorsien, asook om produkte te lever wat daaglik vir boerderyaktiwiteite benodig word. Besoek gerus jou naaste Hinterland-tak. ☺

HET JY GEWEET?



**ONS HET BOSBUL
& JOHN DEERE
KLEREREEKSE
BESKIKBAAR**

**BESOEK JOU NAASTE
*Hinterland winkel***



Geen handelaars nie • Foute en weglatings uitgesluit • Bepalings en voorwaardes geld • BTW ingesluit, behalwe waar anders aangedui • Foto's mag verskil van werklike produkte
Produkte beskikbaar by deelnemende takke en op aanvraag by nie-deelnemende takke • Promosie geldig vanaf 16 Februarie - 10 Maart 2024
Terwyl voorraad hou • Stuur 'n e-pos aan competition@hinterland.co.za as u hierdie promosiemateriaal elektronies wil ontvang

HINTERLAND WINKELS:

NOORDSTREEK: Hartbeesfontein 018 431 0690 | Bamboesspruit 018 571 0182 | Klerksdorp 018 462 8533 | Leeudoringstad 018 581 2065 | Louwna 053 970 4007 | Makwassie 018 597 4104 | Migdal 053 965 0655 | Oberholzer 018 788 6606 | Ottosdal 018 571 0015 | Parys 056 817 7325 | Potchefstroom 018 297 5381 | Reivilo 053 953 0233 | Schweizer-Reneke 053 963 1294 | Stella 053 983 0025 | Tosca 053 933 0012 | Ventersdorp 018 264 2043 | Vereeniging 087 945 5838 | Vryburg 053 927 2218 | Wolmaransstad 018 596 1076

SUIDELIKE STREEK: Bloemfontein 051 411 0101 | Bloemhof 053 433 1348 | Boshof 053 541 0050 | Bothaville 056 515 2181 | Bultfontein 051 853 1141 | Christiana 053 441 3302 | Hartswater 053 474 9600 | Heilbron 058 852 3041 | Hertzogville 053 421 9008 | Hoopstad 053 444 1929 | Koppies 056 777 2801 | Kroonstad 056 216 0700 | Petrusburg 053 574 0130 | Theunissen 057 733 0043 | Viljoenskroon 056 343 3101 | Welkom 057 355 1731 | Wesselsbron 057 899 1851